Inhoud

Waar is die land van stories?
Vir wie is hierdie boek bedoel?
Waar kom stories vandaan?

Dag 1
Voorstelle hoe om hierdie boek te gebruik

Dag 2:
Die skrywer as een van die storie-elemente

Dag 3
Stories

Dag 4
Verskillende soorte stories/verhale

Dag 5
Waar is jy? (karakters, sintuie)

Dag 6
Waar kan jy wees? (milieu)

Dag 7
Hoe voel jy nou? (karakters, emosies)

Dag 8
Wie is jy? (karakters, perspektief, skrywersblok)

Dag 9
Wie is ek? (karakters)

Dag 10
Die waarde van stories

Dag 11
Storie-elemente en die storiekern

Dag 12
Die grafiek van die lewe (karakters, storielyn)

Dag 13
Verweefde storiekerns (die langer storielyn)

Dag 14
Analise en skryf sonder om te dink

Dag 15
Vrae en antwoorde
Dag 16
Die lewe is beweging (storielyn)
Dag 17
Kry idees in begeertes, drome, vrese, belangstellings en ervarings
Dag 18
Kry idees deur te ontspan en te krabbel
Dag 19
Kry idees met die woordsoekmetode en iets-wat-nie-werk-nie-metode
Dag 20
Kry idees met die woorde-wat-nie-bymekaar-pas-nie-metode en die sê-nou-maar-metode
Dag 21
Kry idees op ander maniere
Dag 22
Maak ’n karakter
Dag 23
Show, don’t tell
Dag 24
Die landskap van die siel (show, don’t tell)
Dag 25
Dialoog (show, don’t tell)
Dag 26
Lyftaal (show, don’t tell)
Dag 27
Karakters se binne- en buitekante
Dag 28
Skep ’n milieu

Dag 29
Vóór die begin en ná die einde
Dag 30
Die beweging in die kort storielyn
Dag 31
Eindes of ontknopings
Dag 32
Drome, behoeftes en vrese (langer storielyn)
Dag 33
Soorte konflik (langer storielyn)
Dag 34
Konflik met ander (langer storielyn)
Dag 35
Keuses (langer storielyn)
Dag 36
Storietegnieke: perspektief, beeldspraak en simboliek, wisselende lengtes van sinne en detail.
Dag 37
'n Storieresep en plagiaat
Dag 38
Wat doen jy as jy vashaak?
Dag 39
Kontrolelys
Dag 40
Respek en reaksie op kritiek en kommentaar
Vandag is nie gister nie – Die storie agter die storie
Curriculum vitae (2009) – Martie Preller

As jy moet skryf, moet jy skryf!

Waar is die land van stories?

In ons. In elkeen van ons. Stories kom uit ons uit! Ons lewens is ook stories. Die mens is ’n storiemakende wese. Van die ou-ou tyd af probeer hy/sy sin maak van sy omgewing en van gebeure deur stories/verhale te vertel. Stories is orals rondom ons. Daar is stories in:

- ’n vrou wat by ’n venster uitstaar
- ’n kind wat heen en weer en heen en weer swaai op ’n skoppelmaai
- ’n bos rose in die middel van ’n snelweg
- ’n stukkende horlosie op die sypaadjie onder ’n hoë woonstelblok.

Elkeen van ons sal ’n ander storie kan skryf oor hierdie storie-stimuli.

Vir wie is hierdie boek bedoel?

Hierdie boek is bedoel vir mense wat graag wil skryf en probeer publiseer. Hierdie boek is ook bedoel vir mense wat hulle lewens, gedagtes, keuses, dade, gevoelens, besluite, ensovoorts, wil verken op ’n storiemanier.

Die kursus is gestruktureer rondom my siening van die storiekern as die eenvoudigste storielyn (Dag 11).

Ek het van 2000 tot 2004 ’n internet-storiemaak-kursus en veertien een-dag-storiemaak-werkswinkels aangebied. In 2003 het Tafelberg-Uitgewers ’n skryfhandleiding *Eendag was daar ’n storie* gepubliseer. Die oplaag is uitverkoop. *Die land van stories* is die nuwe en verbeterde weergawe.

Waar kom stories vandaan?

Ons sê dikwels dat ons ’n storie in ons “kop” het. Dit is dalk nie noodwendig in ons “koppe” nie, maar in ons harte, derms, bloed en bene. Dis ook in ons begeertes, ons drome, ons vrese, ons belangstellings, ons waarnemings en ervarings.

Hoe lyk dit in jou “kop”? Ons almal se koppe lyk anders, want ons kry verskillende stories beet/leef verskillende stories. Ons almal se koppe lyk op ’n manier ook eenders, want ons deel menswees.

Vind uit van jou stories, of nie. Dis jou keuse. Daar is altyd keuses in die lewe. Dis soms ’n kuns om raak te sien dat daar keuses is en hoeveel keuses daar is. Hierdie boek is vol moontlikhede. My wens is dat jy jou eie moontlikhede sal ontdek.

Begin jou reis (of nie).
Hou vol met jou reis (of nie).
Doen nes dit goed voel vir jou!

Dag 1: Voorstelle hoe om hierdie boek te gebruik

’n Reismetgesel

Hierdie boek is ’n storiemaakkursus aangebied in die vorm van ’n dag tot dag reis, ’n binnereis. “Skryf” is ’n eensame reis. (Leef is ’n eensame reis?) Hierdie boek kan ’n reismetgesel wees.

’n Ervaring

Die boek is vol inligting, praktiese raad, verskillende soorte skryfoefeninge en baie meer.

Baie van die raad en advies wat vir voornemende skrywers gegee word, is maklik om te verstaan, maar moeilik om toe te pas.

Goeie raad en advies het gewoonlik net ’n blywende effek wanneer dit geabsorbeer word en deel word van ons lewens, wanneer jy dit herken as dinge wat jy eintlik geweet het, maar net nie voorheen bewustelik kon herroep nie. Dit is soos wanneer ’n mens ’n nuwe woord ontdek en jy binne ’n paar dae daardie spesifieke woord orals sien of hoor! Dit werk mos so! Hoekom? Omdat jy nou *bewus* is van die woord.

Sien en hoor ons wat ons wil (moet?) sien en hoor?

Doen soos jy moet

Lees wát jy wil, wánneer jy wil, dink daaroor of ignoreer. Nes jy wil! Dis nou *jou* boek!

Maak vir jou ‘n notaboek vol van jou eie aantekeninge en kommentare. Of vul ’n folder met verskillende files op jou rekenaar.

Dit maak vir my sin om antwoorde onder die verskillende storie-elemente te groepeer, maar doen nes dit vir jou goed voel. Ons is elkeen anders. Ek weet nie waar jy op hierdie dag, wat jy hierdie woorde lees, in jou lewe is nie. Net jy sal dit weet.

Sien jou as ’n karakter, selfs al wil jy nie werklik skryf met die doel van publikasie nie en verken jou lewe of lewensmoontlikhede op ’n storiemanier.

Doen soos jy moet!

Wees kreatief

Vind jou eie maniere hoe om hierdie boek te benut. Indien jy reeds stories het waaraan jy werk, gebruik byvoorbeeld die boek om jou karakters verder te verken.

’n Wisselwerking

Laat die woorde in hierdie boek vir jou ’n wisselwerking word. As jy nie saamstem met wat ek kwyt raak nie, *stry*! Maar doen dit weer eens met woorde, sodat jy bladsye geskrewe stukke in die proses versamel.

As jy wil “skryf” voel jy dalk oorweldig deur die *groot niks*. Jy kan miskien in jou kop interessante stories dink, maar die oomblik as jy dit begin neerskryf, voel dit nie “reg” nie, of ander mense kritiseer, jy vorder nie, of die bladsye bly leeg. Dan ontwikkel daar dikwels weerstand wat ’n mens laat stol. (Skrywersblok!)

Hierdie storiemaakkursus kan jou help om bladsye vol te maak vir latere gebruik.

Jy moet natuurlik soveel dae as wat jy wil op ’n “dag” spandeer.

Skryf alle gedagtes en reaksies wat by jou opkom neer! ’n Mens dink jy sal dit onthou, maar jy vergeet!

◄►**Skryfopdrag 1:** Wat dink jy nou? (Beantwoord, as jy wil en sit die datum by, as jy wil.)

Motivering vir skryfopdrag 1

Dit sal dalk interessant wees om later na die begin terug te kan kom.

Die skryfproses

Reg en verkeerd

Vanselfsprekend het die skryfopdragte nie “regte” of “verkeerde” antwoorde nie.

Wisselwerking met mede-skrywers

Jy sal dalk ervaar dat jy baie graag jou antwoorde met iemand wil deel. Probeer mense kry wat jou belangstelling in skryf en stories deel en ruil antwoorde uit en bespreek. Die internet met sy gratis blogblaaie bied wonderlike geleenthede vir individue of groepe mense.

Indien groepe dit mondeling doen, moet julle onthou om daarná (of tydens die gesprek) aantekeninge te maak. Ons hoor en praat baie woorde. Probeer soveel as moontlik op skrif kry om later weer nader te hark en dalk êrens in ’n storie te gebruik.